


Hemelvaart is net so belangrik soos Jesus se geboorte, kruisiging en opstanding, want dit “kroon”, beseël Sy bediening en missie op aarde.  Dit beklemtoon dat Hy Sy werk voltooi het en ons nou vry is om Sy kinders te wees.

Lees Lukas 24:46-53 en Handelinge 1:1-11 wat vertel van hierdie wonderlike gebeurtenis.

# LUKAS 24:46-53
# HANDELINGE 1:1-11





*Hoe reageer die dissipels?*

Let op hoe die dissipels reageer het.

Was hulle ontsteld, bang, kwaad, teleurgesteld, bekommerd?

Nee, hulle was vol lof en aanbidding en baie haastig om met hul missie te begin.

Is jy soms ontsteld omdat jy nie Jesus se werking op aarde kan sien nie?  Omdat Hy nie betyds opdaag nie?  Of voel dit vir jou Hy het ons alleen gelos en vergeet van ons?

Jesus het Sy regmatige, finale plek ingeneem – aan die regterhand van die Vader – Hy is nie fisies hier op aarde nie.  Maar jy is.  Watter posisie is ons veronderstel om in te neem?



Al trek ons vir ‘n vis ‘n bikini aan en gee hom ‘n drankie met ‘n sambreel en snoesige handdoek, gaan hy nie oorleef op die strand nie… Hy is gemaak vir koue water.

Jesus is gemaak om in die hemel te regeer, dis sy ereplek. En ons is gemaak om Hom te loof en aanbid met ope arms. Wanneer ons ons posisie verstaan en inneem, dan gebeur daar kragtige, wonderbaarlike dinge in ons lewe.

Hoe verstaan jy jou rol in God se plan?

# *Wat doen Jesus?*



Wat doen Jesus aan die einde van Lukas voordat Hy in die hemel opgeneem word? Lees vers 50-53.

Hy seën hulle met uitgestrekte arms!

Deur hierdie aksie het Jesus sy rol as die **perfekte priester** voltooi. In die Ou Testament het die hoëpriester een maal per jaar na die allerheiligste gegaan en die brandoffer aan God gedoen vir die sondes van die volk. Wanneer hy uitgekom het na afloop van hierdie taak en dit suksesvol voltooi het, het hy 'n seën oor die volk uitgespreek met uitgestrekte arms – dan het hulle geweet hulle kan nou weer aangaan met hul lewe en dat hul skoongewas is.

In Genesis 14:18-20 en Hebreërs lees ons ook van Melgisedek wat so byna die perfekte priester was, aangesien hy ‘n koning (van Salem (Jerusalem) was). Aan die begin van Lukas, lees ons van Sagaria wat sy rol as hoëpriester vervul het, maar met stomheid geslaan was en daarom nie die gebruiklike seën aan die einde kon uitspreek nie. Sy werke het in die lug gehang.

Wat maak Jesus die perfekte hoëpriester?

Hy is self die offer, die lam wat geslag word, aan die kruis vir almal se sonde, en hier spreek Hy nou die seën uit om te sê dis afgehandel, voltooi, volbring.

**Lees Hebreërs 4:14-16**

# HEBREERS 4:14-16

'Terwyl ons dan 'n groot Hoëpriester het wat deur die hemele gegaan het, Jesus, die •Seun van God, laat ons styf vashou aan ons belydenis. Want ons het nie 'n Hoëpriester wat nie medelye met ons swakhede kan hê nie, maar Een wat, soos ons, in alle opsigte versoek is, en dit sonder dat Hy gesondig het. Laat ons dan met vrymoedigheid die troon van genade nader, sodat ons ontferming en genade kan ontvang om op die regte tyd gehelp te word.'



Hoe voel ‘n ete sonder poeding… ‘n toernooi sonder ‘n finaal… ‘n preek sonder ‘n seëngroet aan die einde? Onvoltooid en onvolledig…

Aangesien Jesus die dissipels seën aan die einde van sy missie op aarde, gebruik hy woorde soortgelyk aan Numeri 6 se priesterlike seën. Hy wil hê dat hulle moet wag en ontvang voordat hulle die wêreld ingaan…

**Lees Numeri 6:22-27.**

# NUMERI 6:22-27

'Die Here het met Moses gepraat en gesê:
“Praat met Aäron en sy seuns en sê, ‘So moet julle die Israeliete seën; sê vir hulle:

“’Mag die Here jou seën en jou beskerm.
Mag die Here sy aangesig oor jou laat skyn en jou genadig wees.
Mag die Here sy aangesig na jou toe oplig en aan jou vrede gee.’”

“So moet hulle my Naam op die Israeliete lê, dan sal Ek self hulle seën.”'



Besef jy dat hierdie woorde vir jou bedoel is?  Dat Jesus vir jou ingetree het en vir jou sondes gesterf het?  Besef jy dat Hy nou oor jou regeer en dat jy in gehoorsaamheid aan Hom behoort?

Ons wil graag vir die mense gaan vertel, en dis deel van ons profetiese rol, maar het jy al hierdie seën met uitgestrekte, oop arms vir jouself gevat?

Wat beteken God se beskerming vir jou?

Wat beteken sy vergifnis en genade vir jou?

Om die seën te ontvang, beteken jy vertrou volkome op God (Psalm 84) en jy kry jou beskerming g by Hom (Psalm 34) en Hom met jou hele hart te dien (Psalm 119), om gehoorsaam te wees aan Hom (Psalm 112).



Voordat ek vir ander tot seën kan wees, moet ek self eers met verwondering gevul word en my hart moet verander.

Jesus was die perfekte Profeet, Priester en Koning.  Ek en jy het nou die gesag as koningskinders om profete en priesters te wees in die wêreld, maar dan moet ek bereid wees om my lewe neer te lê vir God se missie.

*Watter deel van jou lewe vertrou jy dalk nog nie volkome op God nie?*

*Waar is jy dalk nog onvergewensgesind of ongenadig teenoor jouself?*

*Waar moet jy nog sekere opofferings maak?*

In Lukas 24:46-49 gee God die opdrag vir die dissipels om BEKERING & VERGIFNIS te preek.  Voor jy hierdie opdrag kan gaan uitvoer, moet jy self ook hierdie toepas.

Om volkome vry te wees, moet ons ons losmaak van enige skuldgevoelens en skaamte, enige blokkasies en struikelblokke wat in ons pad staan om ‘n seën en ‘n getuienis vir die wêreld te kan wees.

*Jy IS reeds VRY – leef dan nou ook SO!*

**BID:**

- **Here, dankie vir U seën in my lewe**
- **Help my om vry te leef van enige iets wat my terughou in die wedloop van geloof**
- **Help my om met oop arms te leef teenoor ander en toe te laat dat God se liefde en genade my vul**

# GALASIERS 4:4-7

Maar toe die tyd wat God daarvoor bepaal het, aangebreek het, het
Hy sy Seun gestuur. Hy is uit 'n vrou gebore en van sy geboorte af
was Hy aan die wet onderworpe 5om ons, wat aan die wet
onderworpe was, los te koop sodat ons as kinders van God
aangeneem kon word. 6En omdat ons sy kinders is, het God die
Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit:
“Abba!” Dit beteken: Vader! 7Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is
nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy
erfgenaam gemaak.



